Hoofstuk 28 Die Verhale / Surah Al-Qasas

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste

1. Ta Sin Mim.

2. Hierdie is verse van die Boek wat duidelik vertel van wat gebeur het, wat gebeur en wat gaan gebeur.

Vanaf verse 3 tot 75 word die verhaal van Moses vertel

3. Ons vertel aan jou die ware gebeure van ‘n deel van die verhaal van Moses en die Farao vir ‘n volk wat glo.

4. Wat gebeur het is dat Farao in ‘n arrogante onderdrukker ontaard het met die gevolg dat die mense van sy land verdeeld geraak het omdat hy ‘n groep van hulle vervolg en verdruk het en hulle seuns vermoor maar hulle vroue lewendig gehou het. Hy was inderdaad een van die kwaaddoeners.

5. Gevolglik het Ons beplan om diegene wat as swak beskou is, te bevoordeel, en van hulle leiers te maak en die erfgename van die land,

6. en aan hulle die mag in die land te gee, en om die Farao en Haman en hulle leërmagte te laat sien dat juis dit waarvoor hulle gevrees het, plaasgevind het.

Wat ‘n enorme geloofsopdrag!

7. So het Ons dan die moeder van Moses geïnspireer deur te sê: “Borsvoed jou kindjie. Dan, wanneer jy vir sy lewe vrees, plaas hom op die rivier, en moenie bang wees nie en moet ook nie oor hom treur nie. Jy kan verseker weet dat Ons hom gaan terugbring en as een van Ons boodskappers gaan aanstel. ”

8. So het dit toe gebeur dat een van die gesinslede van die Farao vir klein Moses in die rivier gesien het en hom uitgehaal het, net maar dat hy later een van hulle vyande sou word en ‘n bron van kommer. Farao, Haman en hulle leërmagte het hulleself inderdaad misreken.

9. Farao se vrou het toe oor Moses vir Farao gesê: “Hy mag nog vir ons ‘n lus vir die oog wees. So moenie hom doodmaak nie. Ons moet hoop dat hy vir ons tot voordeel kan wees, of ons kan hom selfs as ons seun aanneem.” Natuurlik was hulle salig onbewus van wat gaan gebeur.

10. Intussen het Moses se moeder se hart onrustig geword, en sy was op die punt om die ware feite rakende Moses bekend te maak, toe Ons haar hart versterk het sodat sy een van die sou bly wat ‘n vaste geloof in Allah se belofte het.

11. Sy sê toe vir Moses se suster: “Jy moet hom dophou en oral volg waar hy gaan.” So het sy suster hom van ‘n afstand af dopgehou sonder dat Moses of enigiemand anders eers daarvan bewus was.

12. So, omdat Ons veroorsaak het dat Moses nie die bors van enige van die beskikbare soogmoeders wou aanvaar en drink nie, toe sê Moses se suster wat gesien het wat gebeur, vir die mense van Farao: “Kan ek vir julle ‘n familie wys wat die babatjie vir julle kan laat drink en wat hom vir julle kan oppas?”

13. En so het Ons vir klein Moses teruggebring na sy Ma toe, sodat haar oë weer kan lag en sy nie meer na hom sal verlang en oor hom sal treur nie, en sodat sy kon weet dat Allah se belofte aan haar waar was: maar meeste besef nie dat Allah die beste weet wanneer Hy sekere dinge doen of laat gebeur nie.

14. En toe Moses groot was: volwasse, gesond, fris gebou en op die kruin van sy jong lewe het Ons aan hom wysheid en kennis gegee sodat hy insig gehad het in Allah se opdragte en hy Allah se profeet kon wees. So beloon Ons diegene wat goeie dinge doen.

15. Eendag het Moses in teruggekom in die hoofstad van Egipte en sonder dat iemand hom opmerk in die stad ingegaan op ‘n tyd toe die inwoners hom nie sou opmerk nie. Hy kom toe af op twee manne wat baklei: die een man was deel van Moses se volk en die ander man was een van sy vyande. Sy volksgenoot roep hom toe om hom te kom help teen hulle vyand. En in die proses gee Moses hom ‘n vuishou wat die man net daar dood laat neerval. Op die plek besef Moses wat gebeur het en voel toe baie jammer daaroor en sê: “Dit wat nou hier gebeur het is die werk van Satan. Hy is baie duidelik die vyand van enige mens en ‘n misleier.”

En soos altyd is Allah gereed om net daar te vergewe!

16. Moses bid toe ook: “O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer vandag het ek myself ‘n groot onreg aangedoen, sal U my asseblief vergewe.” So het Hy hom vergewe. Want Hy is inderdaad Meesvergewend, Baiegenadig.

17. En uit dankbaarheid bid Moses verder: “O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer siende dat U my hierdie guns bewys het, sal ek nooit ‘n ondersteuner van die sondaars wees nie.”

Berou en vergifnis is een ding maar die nagevolge van ons dade is ‘n heel ander saak.

18. Die volgende oggend was Moses baie bang vir die nagevolge van sy dade die vorige dag toe hy in die hitte van die oomblik opgetree het. En toe die volksgenoot vir wie hy die vorige dag gehelp het, hom roep om weer te kom help, toe sê Moses vir hom: “Neewat, ek sien nou dat jy sommer ‘n moeilikheidmaker is.”

19. En toe Moses gryp na die man met wie sy volksgenoot nou weer in geveg was, dink die volksgenoot Moses gryp na hom en voor hy hom kon kry toe sê hy: “Haai nee man, Moses! Wil jy my nou ook doodmaak soos wat jy gister daai ander ou doodgemaak het? Dis vir my duidelik dat jy niks anders beplan as om ‘n geweldenaar te wees nie, en dat jy dink jy kan alles met jou vuiste regmaak: jy beplan baie duidelik nie om een van die vredemakers te wees nie.”

20. Nie lank daarna nie, toe kom daar ‘n man by Moses aangehardloop van die ander kant van die stad af. En uitasem waarsku die man vir Moses: “Moses, die Volksleiers is besig om oor jou te beraadslaag want hulle het gehoor wat jy gedoen het, en hulle beplan om jou dood te maak. Ek dink jy moet dadelik uit die stad uit vlug. Ek is een van die mense wat jou net die beste toewens: so jy sal goed doen as jy my raad volg.”

21. So het Moses toe in ‘n toestand van vrees en angs die stad verlaat, terwyl hy wag om te sien wat volgende gaan gebeur. En Moses bid: “O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer red my asseblief van die wrede mense.”

22. Later het Moses verwilderd die pad gevat in die rigting van Midian, ‘n gebied wat buite die beheer van Farao geval het, en uit radeloosheid gebid: “Ek hoop uit my hart dat my Skepper, Voorsiener en Onderhouer my sal lei om die kortste pad na Midian toe te vind.”

23. By die waterput van Midian aangekom kry Moses daar ‘n hele klomp mense besig om hulle diere water te gee en twee vroue wat eenkant staan en hulle diere keer om nie water te gaan drink nie. Hy vra toe vir die vroue: “Wat is fout, hoekom laat julle nie julle diere drink nie?” en hulle antwoord: “Ons kan nie ons diere water gee totdat die ander skaapwagters hulle diere van die water af wegkeer nie, en ons het niemand om ons te help nie: ons Pa is te oud om ons te help.”

24. So het Moses hulle toe gehelp om hulle vee te laat drink. Daarna het hy die koelte opgesoek en weer gebid: “Om my Skepper, Voorsiener en Onderhouer ek is dood van die honger, gee tog vir my net iets om te eet.”

25. Een van die twee vroue kom toe so skamerig na hom toe, en sê: “My pa roep jou: hy wil graag vir jou iets gee omdat jy ons gehelp het om ons vee water te gee. So, toe Moses by die pa van die vroue kom en aan hom die hele storie vertel het van hoe hy vlug vir sy lewe, toe sê hulle pa: “Moenie verder bekommer en bang wees nie, en jy kan maar kalmeer en ontspan, want jy het ontsnap van die klomp wat jou agtervolg omdat jy nou buite hulle bereik en regsgebied is.”

26. Een van die twee vroue maak toe ‘n aanbeveling by haar pa: “Pappa, ek dink pappa moet hierdie man huur want hy is sterk en betroubaar.”

27. Die pa sê toe: “Ek wil hê dat een van my twee dogters met jou moet trou op voorwaarde dat jy dan vir my sal werk as skaapwagter vir agt jaar en dat dit as die bruidskat sal dien. As jy egter tien jaar wil bly is dit ook reg, maar agt jaar sal voldoende wees as bruidskat. Ek wil dit nie vir jou onnodig moeilik of ongerieflik maak nie, en jy sal vind dat ek, soos Allah wil, ‘n regverdige man is.”

28. Daarop sê Moses: “Regso: ons het ‘n ooreenkoms. Watter een van die twee tydperke ek ookal voltooi, sal as vervulling van my kant van die ooreenkoms aanvaarbaar wees, en Allah is getuie van ons ooreenkoms.”

Na baie jare…

29. So, toe Moses die ooreengekome tydperk voltooi het in diens van sy skoonpa, merk hy ‘n vuur op in die rigting van die Berg Sinai, en hy sê vir sy vrou: “Bly jy nou net hier. Ek het ‘n vuur gesien en gaan net gou kyk. Ek sal vir jou kom vertel wat ek daar sien en dalk bring ek ‘n kooltjie vuur saam terug, sodat jy jouself daarby kan verwarm.”

30. Toe Moses daar kom, roep ‘n stem na hom uit die rigting van die kant van die regterkantste vallei van die gewyde grond van die Berg Sinai, en uit die rigting van die boom: “Moses, Ek is Allah, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde,” en:

31. “Gooi neer jou stapstok.” So, toe Moses nou sien dat sy stapstok op die grond seil soos ‘n slang, toe skrik hy so dat hy sy rug op die slang draai en vlug sonder om eers terug te kyk. Daarop sê Allah vir hom: “Moses kom terug, staan nader en moenie bang wees nie: vrede vir jou.

32. Druk nou jou hand voor op jou bors by jou hemp in, en as jy dit weer uittrek sal dit wit wees sonder dat jy ‘n siekte onderlede het, en druk jou arm teen jou sy om jou te help om nie meer bang te wees nie. Hierdie is dus twee bewyse van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer wat Hy stuur aan die Farao en sy Bestuurshoofde. Hulle is voorwaar ‘n oortredende volk.”

Maar nou was Moses tussen twee vure

33. Baie benoud sê Moses: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer ek het een van hulle doodgemaak en ek is bang dat as ek nou na hulle toe teruggaan gaan hulle my doodmaak.

34. En afgesien daarvan: my broer Aaron is ‘n baie beter spreker as ek: so stuur hom saam met my om my te help. Ek is baie bang: hulle gaan my belieg en belaster.”

35. Maar Allah sê: “Goed, Ons sal jou versterk met behulp van jou broer en aan jou die oorhand gee sodat hulle nie aan jou kan raak om jou enige leed aan te doen as ‘n gevolg van Ons boodskap en bewyse nie. Jy en jou broer en diegene saam met julle gaan die wenners wees.”

Farao en sy mense se reaksie

36. So, toe Moses by Farao en sy mense kom met Ons duidelike boodskap en bewyse, het hulle gesê: “Hierdie is niks anders as saamgeflanste towerkunsies nie, en ons het niks van so ‘n aard by ons voorvaders gehoor nie.”

37. Maar Moses het gesê: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer weet die beste ten opsigte van die een wat Hy gestuur het met leiding, en wie die beste daaraan toe gaan wees. Dit is ‘n uitgemaakte saak dat die oortreders nie suksesvol gaan wees nie.”

38. Daarop sê Farao: “Geagte Bestuurshoofde, ek is nie bewus daarvan dat daar vir julle enige ander god as net myself is nie. So, Haman maak ‘n vuur en begin om stene van klei te bak sodat jy vir my ‘n toring kan bou, waarmee ek kan kyk of ek hierdie God van Moses kan sien. Want ek dink Moses is ‘n leuenaar.”

39. So het Farao en sy leërmagte oormatig selfversekerd en arrogant geword wat groot onderdrukking en ergernis veroorsaak het in hulle land, en gedink dat hulle nooit na Ons toe sal hoef terug te keer nie.

40. Die uiteinde was dat Ons hom en sy leërmagte vasgevat en in die see gegooi het. Kyk wat gebeur met diegene wat verkeerd optree.

41. Ons het van hulle leiers gemaak en hulle het hulle mense in die Hel in mislei. En tydens die Oordeelsdag sal daar vir hulle geen hulp wees nie.

42. In hierdie wêreld sal hulle deur ‘n vloek gevolg word deurdat hulle verhaal altyd oorvertel sal word, en tydens die Oordeelsdag sal hulle tussen die wees wat baie sleg behandel gaan word.

43. Nadat Ons die vroeëre geslagte vernietig het, het Ons aan Moses die Wet gegee waarin daar insigte is vir mense asook leiding en genade, sodat hulle die raad wat daarin vervat is kan navolg.

44. En Mohammed, jy was nie daar aan die westekant van die berg Sinai toe Ons die aangeleentheid aan Moses gedelegeer het nie: net so was jy ook nie teenwoordig

45. toe Ons die geslagte wat na Moses gekom het geskape het nie, en ‘n lang tyd na hulle reeds verloop het nie. En jy was nie een van die inwoners van Midian, om die openbaring aan hulle oor te dra nie, alhoewel dit Ons is wat die boodskappers stuur.

46. Alhoewel jy nie daar by die berg Sinai was toe Ons vir Moses geroep het nie, is jou profeetskap waardeur jy al hierdie kennis verkry het, ‘n genade van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer, sodat jy die Arabiese volk kan waarsku, na wie toe nog nooit voorheen ‘n boodskapper met ‘n waarskuwing gestuur was nie, sodat hulle jou raad en advies kan navolg.

47. En Ons sou nie ‘n boodskapper gestuur het as die moontlikheid nie bestaan het dat hulle, in geval waar iets hulle sou oorkom as gevolg van hulle eie optrede, sou sê: “Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, hoekom het U nie ‘n boodskapper na ons toe gestuur, sodat ons gelowiges kon word nie?”

48. Maar toe die Waarheid van Ons af uiteindelik by hulle uitkom, toe sê hulle: “Hoekom is daar nie aan hierdie boodskapper ‘n boek soos die van Moses gegee nie?” Maar nou, is dit nie juis hulle wat Moses en sy boek voorheen misken het nie? En toe het hulle gesê: “Beide die Koran en die Wet is towerkunsies wat mekaar ondersteun.” En hulle het ook gesê: “Ons glo nie in een van hierdie geskrifte nie.”

49. Mohammed sê vir hulle: “Nou goed as julle die waarheid praat, kom dan nou self vorendag met ‘n boek vanaf Allah wat beter leiding kan verskaf as beide die Wet en die Koran, en ek sal dit navolg.”

50. En indien hulle dit nie kan doen nie, weet dan bo alle twyfel dat hulle net maar hulle eie begeertes navolg. En wie kan nou meer afgedwaal wees as die persoon wat sy eie begeertes navolg sonder die leiding van Allah. Waarlik Allah lei nie die mense wat verkeerd optree op die regte weg nie.

51. En Ons het Ons woord aan hulle oorgedra, een geskrif na die ander tot nou deur die Koran, sodat die leiding aan hulle helder en duidelik sou wees, met die idee dat hulle dit sou navolg.

Hulle was Moslems nog voordat die Koran geopenbaar was

52. Daar is van die diegene aan wie Ons die Boek voor hierdie een gegee het, wat in die Koran geglo het*. (*K46:10)

53. En wanneer die verse in die Koran aan hulle voorgedra word, dan sê hulle: “Ons glo in dit. Dit is die waarheid vanaf ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Ons het onsself eintlik reeds aan die boodskap wat dit oordra onderwerp nog voordat die Koran geopenbaar is.”

54. Sulke mense sal dubbele belonings ontvang, omdat hulle geduld aan die dag gelê het. Hulle verdryf die sonde deur die doen van die goeie en hulle spandeer op die weg van Allah uit dit wat Ons aan hulle gegee het.

55. En wanneer hulle sondige, belaglike en dwase praatjies hoor, dan loop hulle bedagsaam daarvan af weg met die woorde: “Ek sal verantwoording moet doen vir my woorde en dade soos julle ook vir julle s’n. Vrede vir jou. Sal jy my nou verskoon asseblief, maar ek het my keuse gemaak.”

Die mens versprei die kennis en wys die weg, maar Allah bring die oortuiging

56. Jy kan niemand oortuig om die leiding wat jy verskaf na te volg nie: Allah is die Een wat die oortuiging bring, om leiding na te volg of nie, aan wie Hy wil en Hy weet die beste wie die mense is wat op die regte weg is.

57. En die ongelowiges in Mekka het gesê: “Mohammed, as ons die leiding gaan volg wat jy aan ons gee, dan gaan ons uit ons land verdryf word.” Is dit dan nie Ons wat hulle veilig in die heiligdom laat woon en waarheen die vrugte as voorsiening van Ons af gebring word nie? Maar meeste van hulle besef dit nie.

58. Hoeveel dorpe wat selfversekerd en trots was op die lewenskwaliteit wat hulle gedink het hulle vir hulleself bewerkstellig het, het Ons nie vernietig nie? So, dit was hulle woonplekke wat Ons, behalwe vir enkeles, na hulle nooit weer laat bewoon het nie, en waarvan Ons die enigste erfgename is.

59. En jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal nie dorpe of stede vernietig alvorens Hy nie eers na die hoofstad van daardie land ‘n

boodskapper gestuur het om Ons geopenbaarde verse aan hulle voor te dra nie. En Ons sal nie die dorpe vernietig nie tensy die inwoners oortreders van die boodskap is nie.

60. Wat julle ookal ontvang om te geniet: dit is niks meer nie as net genietinge van hierdie aardse bestaan en die mooi daarvan. Dit wat by Allah is, is baie beter en sal langer hou as die aardse dinge. So, verstaan julle nie?

61. Is die een aan wie Ons ‘n goeie belofte gemaak het van wat hy sal ontvang, dan net soos die mens aan wie Ons die voordeel gegee het van die genietinge van hierdie aardse bestaan, om tydens die Oordeelsdag een van die beskuldigdes te wees?

62. En onthou die Dag wanneer Ons hulle sal roep en sê: “Waar is My ‘vennote’ waarop julle so aanspraak gemaak het?”

63. Dan sal diegene op wie die woorde van toepassing is sê: “Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer hierdie is die mense wat deur ons mislei was. Ons het hulle mislei soos wat ons self afgedwaal het. Ons ontken hier voor U ons verantwoordelikheid vir hulle optrede: ons was nie die enigstes wie hulle gedien en aanbid het nie.”

64. Dan sal gesê word: “Roep julle mede-gode.” So dan sal hulle hulle mede-gode roep sonder enige reaksie, en hulle sal hulle straf ontvang. As hulle maar net die regte weg gevolg het!

65. Onthou ook die Dag wanneer Allah hulle sal roep en sê: “Hoe het julle teenoor die boodskapper gereageer?”

66. Dan sal die gebeure van so ‘n aard wees dat hulle nie vir mekaar om hulp kan vra nie.

67. Maar wat betref die een wat berou het en begin glo en begin om goeie dinge te doen, die kans is baie goed dat hy een van die suksesvolles sal wees.

Uitverkiesing: alle keuses berus by Allah

68. En jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer skep wat Hy wil en Hy is die Een wat kies* en uitverkies. Keuse lê nie by hulle nie. Allah is rein en vêr verhewe bo die idee van vennote wat hulle aan Hom toeskryf. (K33:36)

69. En jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer weet wat hulle harte wegsteek en wat hulle openbaar maak.

70. En Hy is Allah: Hy is Uniek en Enig: daar is geen god as net Hy nie. Aan Hom behoort die lof aan die begin en aan die einde*: in alles wat Hy doen moet Hy geprys word, en Hy alleen het die reg om te oordeel, en na Hom toe sal julle teruggebring word. (*K34:1)

71. Mohammed vra vir hulle: “Sê vir my, as Allah dit nag maak van nou tot en met die Oordeelsdag, watter god, anders as Allah sal vir julle lig gee? Nou, wat verstaan julle nie?”

72. Vra ook vir hulle: “Sê ook vir my, as Allah dit vir altyd dag maak tot en met die Oordeelsdag, watter god anders as Allah sal vir julle die nag bring waartydens julle kan rus? Nou, wat verstaan julle nie?”

73. Dit is uit genade wat Allah die dag en die nag vir julle gemaak het, sodat julle nie ongemak hoef te verduur nie maar uitgerus kan wees na ‘n nagrus, en sodat julle Sy guns kan soek deur in die dag te werk asook dan dankbaar kan wees deur Hom deurentyd te dien en te aanbid.

74. En onthou die Dag wanneer Allah die ongelowiges sal roep en sê: “Waar is My sogenaamde ‘vennote’ waarop julle aanspraak gemaak het.”

75. Op daardie Dag sal Ons ‘n getuie uit elke gemeenskap na vore bring: die boodskappers wat Ons na hulle toe gestuur het, om te bewys dat hulle nie geglo het nie, en sê: “Wys vir Ons julle bewyse.” Dan sal hulle weet wat die waarheid is en dat daar geen god as net Allah is nie, en dan sal hulle vervalsings en namaaksels soos mis voor die son verdwyn en vir hulle van geen hulp wees nie.

Die verhaal van Moses is vertel vanaf vers 3 tot hier.

Van hier af word die verbandhoudende verhaal van ene Qarun vertel: die “selfgemaakte man”

76. Qarun, wat afkomstig was uit Moses se volk, het teen hulle in opstand gekom. Ons het aan hom soveel rykdom en skatte gegee dat die sleutels waarmee die skatkamers toegesluit was, te swaar sou wees indien ‘n groepie manne

dit sou dra. Onthou toe sy volksgenote vir hom gesê het: “Moenie so triomfantlik wees nie. Allah hou nie van mense wat te selfversekerd en triomfantlik is nie.

77. Probeer eerder om jou plek in die Hiernamaals te verseker en te verbeter deur dit wat Allah jou gegee het te gebruik om goed te doen en so Allah te dien en te aanbid en moenie jou aandeel in die wêreld vergeet nie: kortom doen goed soos wat Allah goed aan jou gedoen het en wees versigtig om nie kwaad te doen nie.

78. Toe antwoord Qarun: “Alles wat ek het en is, is as gevolg van my kundigheid: ek is ‘n selfgemaakte man.” Het Qarun nie geweet dat Allah van die geslagte voor hom, en wat baie sterker was as hy en baie meer as hy besit het nie, vernietig het nie?

79. En toe hy op ‘n keer uitkom uit sy huis uit en sy mense hom sien, toe sê diegene wat verlang om welaf te wees in die aardse bestaan: “Ai as ons maar net die lewe gehad het wat aan Qarun gegee is! Hy is sommer baie gelukkig om so ryk te wees.”

80. Maar toe sê die mense met kennis en wysheid: “Arme julle. Die beloning wat Allah gee aan diegene wat glo en goeie dinge doen is sommer baie beter. Want dit word slegs gegee aan diegene wat selfbeheersing toepas.”

81. Toe laat Ons hom en sy huis in die aarde wegsink. En niemand uit sy vriendekring of huishouding kon hom teen Allah help nie net so min as wat hy homself kon help.

82. Die gevolg was dat diegene wat die vorige dag gewens het dat hulle soos hy kon wees, begin het om te sê: “Arme ons, ons kan nou sien dat Allah lewensmiddele vermeerder vir wie Hy wil en dit beperk vir wie Hy wil. As dit nie was dat Allah ons bevoordeel het nie sou Hy ons ook in die aarde laat wegsink het. En nou lyk dit asof die ongelowiges na alles tog nie so suksesvol is nie.”

83. En wat betref die Hiernamaals, Ons ken dit toe aan diegene wat nie ten doel het om hoogmoed, trots en dinge wat verkeerd is op die aarde aan te vang en te bevorder nie. Diegene wat ‘n heilige ontsag en respek vir Allah het, is hulle wat die beste einde sal beleef.

84. Wie ookal tydens die Oordeelsdag ‘n goeie daad voorlê sal ‘n nog beter beloning ontvang, en wie ookal met ‘n verkeerde daad daar aankom, sal ook net gestraf word ooreenkomstig die verkeerde dinge wat hulle gedoen het.

Vertroosting aan die Profeet om voort te gaan met sy sending sonder om ontmoedig te raak

85. En die Een wat jou die inhoud van die Koran as voorskrif gegee het, wat jou dit ingeskerp en op die hart gedruk het, gaan julle verseker terugbring na ‘n plek van terugkeer: Mekka. Mohammed sê vir hulle: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer weet die beste wie het gekom met leiding en wie duidelik fouteer.”

86. En jy het nie verwag dat die Koran aan jou geopenbaar sou word nie, maar hierdie groot seën was genade vanaf jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer. So jy moet nooit ‘n ondersteuner van die ongelowiges wees nie.

87. En moenie dat hulle jou weghou van Allah se verse af nadat dit aan jou geopenbaar is nie: hou aan om mense uit te nooi na jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer toe en moenie ooit een van die word wat vennote met Allah assosieer nie.

88. Moet ook nie enige ander god saam met Allah aanroep nie. Daar is geen god behalwe Hy nie. Alles gaan tot niet gaan behalwe Sy Wese: Allah self. Hy alleen het die reg om te oordeel en na Hom toe sal julle almal moet terugkeer.